# Blye dag vir Transnet se pensioenarisse

Deur Jana Marx | 25 April 2018 18:21

Die Transnet-pensioentrekkers het Woensdag " 'n oorwinning" in die konstitusionele hof in Johannesburg behaal.

Regter Johan Froneman het die 2016-bevel van die hooggeregshof in Pretoria gewysig deur al Transnet se eksepsies (met regskoste) van die hand te wys.

> **"Dis 'n oorwinning vir die pensioenarisse."**
>
> – Wynanda Coetzee

Ná die bevel deur konstitusionele hof kan die groepsgeding van meer as R80 miljard teen Transnet en sy pensioenfondse nou weer momentum kry en deure vir skikkingsonderhandelinge oopmaak.

Die groepsgeding is al meer as vier jaar aan die gang en is ingestel hoofsaaklik weens die karige verhoging van 2% per jaar waarmee die net meer as 50 000 pensioentrekkers en begunstigdes moet oorleef.

"Dis 'n oorwinning vir die pensioenarisse," het Wynanda Coetzee van die regsfirma, Geyser en Coetzee wat namens die pensioenarisse optree, gesê.

Sy sê die volgende stap is dat Transnet en die fondse nou hul weergawe gaan moet bepleit.

"Ons hoop steeds op 'n spoedige bylê van die geskil deur 'n gepaste skikking."

Adv. Anton Alberts, federale voorsitter van die VF Plus wat die saak namens die pensioenarisse in die parlement opneem, beskryf die uitspraak as 'n wonderwerk. "Dis nou ons taak in die parlement om die minister tot die regte insigte te bring om te skik."

Alberts sê hy het reeds 'n brief aan Pravin Gordhan, minister van openbare ondernemings, geskryf. "Hy het ontvangs van die e-pos erken en dit verwys."

> **"Ons hoop steeds op 'n spoedige bylê van die geskil deur 'n gepaste skikking."**

Alberts sê die jongste bevel bring enorme implikasies vir die staat mee.

"Benewens die menseregtelike aspek waar ons van pensioenarisse praat wat met bloedsweet die Spoorweg opgebou het, is daar die eis van oor 'n R100 miljard (aanvanklike eis plus rente) wat (Transnet) gaan moet uitbetaal, as die hof in die hoofuitspraak teen hulle beslis. Ons hoop om 'n skikking te bewerkstellig wat so gou as moontlik kan uitbetaal, want tyd tel teen die pensioentrekkers."

Volgens dr. Theo Broodryk, hoof van die regskliniek aan die Universiteit van

| ALLE REGTE VOORBEHOU © 2018 MEDIA24

"Volgens Froneman is die saak van pensioenarisse duidelik en eenvoudig gestel. Dit is dus nie vaag soos deur die teenkant aangevoer nie. Froneman se uitspraak is 'n groot terugslag vir Transnet en dit sal Transnet forseer om 'n skikking te oorweeg."

Hy sê Transnet kan moontlik ook vertragingstaktieke probeer.

Die uitspraak volg op die vertoë in November 2017 in die konstitusionele hof.

Die pensioenarisse het versoek om te appelleer teen 'n besluit van die hooggeregshof in Pretoria in 2016 wat van die eksepsies gehandhaaf het wat Transnet en die pensioenfondse teen die pensioenarisse se groepseis ingedien het.

Transnet het in Mei 2016 besware aangeteken en die hof het die vervoerreus en sy pensioenfondse gedeeltelik gelyk gegee.

Die pensioenarisse se aansoek om verlof tot appèl teen die hooggeregshof se bevel was twee keer onsuksesvol waarna hulle hul tot die konstitusionele hof gewend het.

> **“Ek was op my dag 'n uitvoerende bestuurder van aankope by Transnet, maar ek volg hierdie saak namens my personeel van destyds.”**

Gevolglik is die groepsgeding erg vertraag.

Die hofgeding gaan deels oor beloftes wat aan pensioentrekkers in die laat 1990's gemaak is dat hul pensioene vir altyd met minstens 70% van die inflasiekoers verhoog sal word.

Maar, weens wat hulle beweer swak beleggingsbesluite en wanbestuur van pensioenfondsgeld was, het die Transnet-pensioenfondse hulle sedert die begin 2000's net 'n jaarlikse statutêre verhoging van 2% gegee.

Dit beteken die pensioenarisse kan al hoe minder geld in hul sakke steek. Weens inflasie en die styging in mediesefondsbydraes wat meestal hoër as inflasie is, word hulle besteebare pensioengeld weggekalwe.

'n Pensioenaris, wat nie sy naam genoem wil hê nie, het Woensdag buite die hof aan Netwerk24 gesê hy is oorstelp oor die uitslag.

"Ek was op my dag 'n uitvoerende bestuurder van aankope by Transnet, maar ek volg hierdie saak namens my personeel van destyds. Dis brandarm swart mense, wat hul hele lewe aan Transnet gewy het en die maatskappy gebring het waar dit is. Ons is dit aan hulle verskuldig om aan te hou veg," het hy gesê.

Hy het benadruk die 2% dek nie eens die verhoging op mediese fondse nie.

**Meer oor:** Transnet | Hof | Regter Johan Froneman | Wynanda Coetzee | Pretoria | Pensioenarisse